



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

MODEL 2008

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Dit is belangrik om daarop te let dat jy, uit die aard van hierdie 3-uur-eksamen, NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal vir die duur van die eksamensessie te verlaat nie.
2. Voeg jou naam en van in die bladsy-boskrif ('header') van elke dokument wat jy skep of stoor in.
3. Die toesighouer sal aan jou 'n disket gee waarop AL die lêers wat jy vir die eksamen sal benodig, voorkom, of jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk gevind kan word. Indien 'n disket aan jou gegee word, moet jy jou naam op die etiket skryf.
4. 'n Kopie van die meesterlêers sal deur die toesighouer beskikbaar gestel word. Indien die lêers wat aan jou voorsien is per ongeluk korrup raak, kan verdere kopieë van die toesighouer aangevra word.
5. Maak seker dat jy elke dokument onder die korrekte lêernaam, soos aangedui, stoor. Stoor jou werk gereeld as voorsorg teen moontlike kragonderbrekings.
6. Lees aandagtig deur ELKE vraag alvorens jy begin om dit te beantwoord of die probleem op te los. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis nie.
7. Lewer die disket wat deur die toesighouer aan jou voorsien is, aan die einde van die eksamensessie in of maak seker dat AL die lêers op die netwerk gestoor is, soos dit deur die toesighouer/opvoeder aan jou verduidelik is. Maak seker dat AL die lêers gelees kan word; indien nie, vra nog 'n kopie van die toesighouer/opvoeder aan.
8. Let daarop dat GEEN drukstukke verlang word nie.
9. Jy mag gedurende die eksamen die hulpfunksies ('help') van die programme waarin jy werk, gebruik. Jy mag GEEN ander bronmateriaal gebruik nie.
10. Let daarop dat, indien data ontleen is aan 'n vorige vraag wat jy NIE kon doen nie, jy nog steeds met die daaropvolgende vrae moet voortgaan.
11. Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in vrae wat met sigblaaie verband hou, behalwe indien anders vermeld word. Absolute selverwysings moet slegs waar nodig gebruik word om te verseker dat formules korrek is wanneer dit na ander selle in sigblaaie gekopieer word.
12. In AL die vrae wat met woordverwerking verband hou, moet die taal op *English (South African)* gestel wees en daar word aangeneem dat die papiergrootte A4-portret ('portrait') is, behalwe indien dit anders voorgeskryf word.
13. Alle maateenhede moet op cm gestel wees.

LET WEL:

Die datadisket wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêergids *Data* en die volgende lêers. Maak seker dat jy AL hierdie lêers het voordat jy met dié eksamen begin.

- Cyclist.jpg
- q2addresses.mdb
- q2competition.doc
- q2cruise.doc
- q3scores.xls
- q4payinfo.xls
- q5members.mdb
- q5records.xls
- q6activities.mdb
- q7booklet.doc
- q7cycleRep.doc
- q7finishers.mdb

SCENARIO:

Jy behoort aan die All Stars-sportklub wat 'n verskeidenheid aktiwiteite, soos die volgende, aanbied:

- swem
- atletiek
- gimnastiek
- padlope
- fietsry
- rugby
- sokker
- tennis
- 'n sosiale klub

Die klub het 'n paar rekenaars wat deur die volgende mense gebruik word:


- Die sekretaresse en 'n administratiewe assistent vir algemene administratiewe werk
- Die tesourier om die rekeningkundige rekords te hou en om rekeninge aan lede te stuur

Elke komitee het sy eie skootrekenaar wat gebruik word om vergaderingprosedures aan te teken en om sportuitslae na die netwerkbediener te e-pos.

Die rekenaars is met al die relevante sagteware, met ander woorde 'n bedryfstelsel en Office Suite, gelaai.

VRAAG 1

Die sekretaresse het die volgende lêergids-struktuur op haar rekenaar se hardeskyf geskep, maar het hulp nodig met die organisering van die lêers en lêergidse. Die lêergids *Data* kan op jou disket gevind word.



- 1.1 Skep 'n nuwe lêergids genaamd *Rugsteun* in die *Korrespondensie*-lêergids. (3)
- 1.2 Help die sekretaresse om na 'n lêer te soek. Sy onthou dat sy in die laaste week van April 2007 aan die lêer gewerk het en dat die lêer die woord 'kano' bevat.
Tik die naam van die lêer in die spasie wat in die lêer genaamd *Vraag1* in die *Data*-lêergids voorsien is, in. (3)
- 1.3 Vind die oudste lêer in die *Data*-lêergids of enige van die sublêergidse daarvan.
Tik die naam van die lêer in die spasie wat in die lêer genaamd *Vraag1* in die *Data*-lêergids voorsien is, in. (2)
- 1.4 Beskerm die lêer *Bankrekons* in die *Rekeninge*-lêergids met die wagwoord 1234\$ om in staat te wees om die lêer te kan oopmaak. (2)

- 1.5 Skuif AL die woordverwerkingslêers in die *Atletiek*-lêergids na die lêergids genaamd *Oud*. (3)
- 1.6 Skep 'n kortpad na die *2008*-leêrgids in die *Lede*-lêergids en plaas dit in die *Rekening*-lêergids. (3)
- 1.7 Stoor die lêer *q2tour.doc* in die *Data*-lêergids as 'n 'Rich Text Format'-lêer. (1)
- 1.8 Rangskik die lêers in die lêergids *Atletiek* in dalende alfabetiese volgorde. (1)
- 1.9 Maak 'n skermkoot van die volskermbeeld wat die lêergidsuitbeelding ('folder display') as 'n skermbeeld vertoon en plak ('paste') die beeld in die lêer genaamd *Vraag1* in die *Data*-lêergids. (2)
- Onthou om die *Vraag1*-dokument te stoor en toe te maak. **[20]**

VRAAG 2

Die klub wil 'n maandelikse kompetisie hou om fondse in te samel. Die sekretaresse het 'n konsepdokument getik en vra jou hulp om dit te redigeer.

Maak die lêer *q2competition.doc* oop.

- 2.1 Verander die style en formatering van die *liggaam* van die brief (tot by die teks 'SAVEMORE BANK') om by die styl van die eerste paragraaf 'All you need to do ...' te pas. (2)
- 2.2 Verander die linkerkantlyn na 3.7 cm. (1)
- 2.3 Stel die justering van hierdie brief sodat die kantlyne gelyk is. (1)
- 2.4 Stel die linkertabelstoppunt op 11 cm en stel elke reël van die afsender se adres in lyn ('align') (boonste 3 reëls van die dokument). (2)
- 2.5 Voeg vandag se datum in teen die linkerkantlyn en twee reëlspasies na die afsender se adres sodat dit outomaties op datum gebring sal word. (2)
- 2.6 Sentreer 'Win a cruise' en verander dit na WordArt of TextArt met 'n fontgrootte van 24 pt. (3)
- 2.7 Kopieer die prentjie van die skip uit die lêer *q2cruise.doc* en plaas 'n kopie van hierdie prentjie links van die teks 'Win a cruise'. Maak seker dat die prentjie in kleur is en dat die grootte na presies 3 cm x 3 cm verstel is. (4)
- 2.8 Stel die reëlspasiëring van die liggaam van die brief op 1.5 en 12 pt-spasiëring voor elke paragraaf. (2)
- 2.9 Voeg bladsynommer-velde in die formaat 'Page X of Y' in die onderskrif ('footer') in sodat die bladsynommering op die tweede bladsy begin verskyn. (3)
- 2.10 Maak toepaslik gebruik van tabelstoppunte om die bankbesonderhede soos volg te formateer:
- SAVEMORE BANK
ACCOUNT HOLDER.....ALL STARS SPORTS CLUB
ACCOUNT NUMBER 2904 474747
BRANCH CODE.....23-34-45
- (2)
- 2.11 Doen 'n speltoets op die hele dokument. (2)

2.12 Voeg 'n vorm aan die einde van die dokument in, soos hieronder aangedui. Maak seker dat die volgende objekte en vormkontroles ('form controls') getoon word:

- Tabel vir naam – 20 selle (1)
- Tabel vir 'n selfoonnommer – pas die selgroottes aan na 0.5 cm (1)
- Merkblokkievormkontroles vir klubaktiwiteite voor die aktiwiteite (2)
- Raamspanning ('frame spanning') van die bladsybreedte vir 'Caption for photo' (1)

Die vorm moet vertoon soos hieronder getoon:

COMPETITION ENTRY – OCTOBER 2008

NAME

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

CELL PHONE NUMBER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

CLUB

- ATHLETICS
- SWIMMING
- BOXING
- RUGBY
- SOCCER
- ROAD RUNNING
- TENNIS
- OTHER

--

CAPTION FOR PHOTO ENTERED

2.13 Voeg 'n hiperskakel ('hyperlink') in by die lêer genaamd *q2prices* wat in die *Data*-lêergids is op die woord 'q2prices' (sien die laaste woord in hierdie dokument). (2)

2.14 Gebruik die huidige dokument as 'n vormbrief om 'n possamesmelting ('mail merge') uit te voer deur die tabel (*addresses*) in die databasislêer *q2addresses.mdb* as 'n databron te gebruik.

- Voeg die vereiste saamgesmelte velde ('merged fields') in waar die <.....> tans verskyn.
- Die brief moet slegs aan ontvangers wat in Kaapstad woon, gestuur word.
- Stoor die saamgesmelte dokument as *q2competitionmerged* in die *Data*-lêergids. (4)

Onthou om die dokument te stoor en toe te maak. [35]

VRAAG 3

Die afrigter van die krieketklub het 'n ontleding van die laaste krieketwedstryd se tellings nodig met die doel om die span se boul- en kolfwerk te verbeter. Een van die klublede het die basiese besonderhede ingevoer, maar die sigblad het nog verdere ontleding nodig.

Maak die lêer *q3scores.xls* oop.

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
1										
2	ALL STARS vs KINGSLEY									
3										
4		1ST OVER			2ND OVER			3RD OVER		
5		BOWLER	KPH		BOWLER	KPH		BOWLER	KPH	MPH
6		Ashlin	81.8		Sanjay	81.5		Alan	132.1	
7			85.6			84			112.5	
8			87.7			81.1			77.9	
9			96.6			85			113.8	
10			91.5			85.6			56.7	
11			110.6			82.3			87.2	
12	Average bowling speed									
13										
14										
15										
16	Third slowest bowling speed in mph									
17										
18	Overall fastest bowling speed									
19	kph									

VRAE 3.1 tot 3.6 het op die *Bowling-werkblad* betrekking.

3.1 Voeg 'n doelgemaakte onderskrif ('custom footer') soos volg in:

Linkerdeel: km/h Middelste deel: kilometer per uur
mpu myl per uur (2)

3.2 Verdeel sel A2 in 4 kolomme. (1)

3.3 Die bouler, Alan, wil sy bouspoed op sy bewonderaarsposlys plaas en het jou versoek om sy bouspoed na mpu (myl per uur) om te skakel. Om km/h (kilometer per uur) na mpu om te skakel, moet jy met 8 deel en met 5 vermenigvuldig. Voeg 'n formule by sel J6 in wat km/h na mpu sal omskakel. Kopieer hierdie formule af in die relevante selle. (4)

3.4 Voeg 'n formule in sel C12 in om te bepaal wat die gemiddelde bouspoed van die bouler Ashlin is. ROND jou antwoord AF na EEN desimale plek. Kopieer hierdie formule dwarsdeur vir die ander boulers. (4)

3.5 Voeg 'n formule in sel J16 in wat die derde stadigste bouspoed, in mpu, vir die bouler Alan sal bereken. (3)

- 3.6 Voeg 'n formule in sel B18 in om die vinnigste, algehele bouspoed van AL die bousers in km/h (met ander woorde die vinnigste bal geboul) te bereken. (2)

VRAE 3.7 tot 3.8 het op die *Batting*-werkblad betrekking.

- 3.7 Maak seker dat alle byskrifte en teks op die werkblad sigbaar is deur die kolomwydtes aan te pas. (1)

- 3.8 Die trefkoers word bepaal deur die getal balle as 'n persentasie van die getal lopies uit te druk.

Voeg 'n formule in sel H5 in om die trefkoers van kolwer Green te bepaal. (2)

VRAE 3.9 tot 3.11 het op *Sheet3* betrekking.

- 3.9 Hernoem *Sheet3* tot *Summary*. (1)

- 3.10 Koppel die *Summary-* (*Sheet3-*) werkblad met die toepaslike selle in die *Bowling*-werkblad waar sel B4 tot B6 die gemiddelde bouspoed in km/h weergee. (2)

- 3.11 Redigeer die kaart in die *Summary*-werkblad soos volg:

3.11.1 Verander die kaart na 'n kolomgrafiek. (1)

3.11.2 Verander die minimum op die y-as na 2. (1)

3.11.3 Benoem die x- en y-asse onderskeidelik Kolwers en Lopies. (2)

3.11.4 Vervang die getalle op die horisontale as met die name van die kolwers wat in selle B5:B15 op die *Batting*-werkblad gestoor is. Hierdie name moet vertikaal vertoon word. (2)

Onthou om jou lêer te stoor. **[28]**

VRAAG 4

Die tesourier van die klub gee jou 'n bywoningsregister van al die afrigting wat tydens Julie plaasgevind het. Daar word van jou verwag om te help met die bywerk van hierdie bywoningsregister sodat dit 'n skedule word waaruit die tjeks vir die afrigters uitgeskryf kan word.

Maak die lêer *q4payinfo.xls* oop.


'n Skermskoot van 'n gedeelte van hierdie lêer word hieronder getoon.

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
1										
2										
3										
4	Date coached	Activity	Surname	Name	Date appointed	Weekly hours	Rate per hour	Saturday hours	Above/Below	
5										
6	2-Jul-08	Athletics	Govender	Ray	12/29/2007	3	82	3		
7	2-Jul-08	Tennis	Green	Jasmin	3/8/2003	2	67.5			
8	3-Jul-08	Swimming	Bantjies	Jonathan	7/21/2005	4	75			
9	4-Jul-08	Hockey	Smith	Tamsin	2/10/2001	2.5	65			
10	5-Jul-08	Road Running	Ngubane	Joshia	5/10/1999	5	57.5	5		
11	6-Jul-08	Soccer	Hadebe	Luke	7/21/2001	9	73	2		
12	9-Jul-08	Athletics	Govender	Ray		5	58	3		
13	9-Jul-08	Tennis	Green	Jasmin		2	72			
14	10-Jul-08	Swimming	Bantjies	Jonathan		4	80			
15	11-Jul-08	Hockey	Smith	Tamsin		2.5	75			
16	12-Jul-08	Road Running	Ngubane	Joshia		5	62	5		
17	13-Jul-08	Soccer	Hadebe	Luke		4	58	2		
18	16-Jul-08	Athletics	Govender	Ray		4	50	3		
19	16-Jul-08	Tennis	Green	Jasmin		1.75	65			
20	17-Jul-08	Swimming	Bantjies	Jonathan		3	78			
21	18-Jul-08	Hockey	Smith	Tamsin		5	84			
22	19-Jul-08	Road Running	Ngubane	Joshia		4	58	5		
23	20-Jul-08	Soccer	Hadebe	Luke		2.5	56	2		
24	23-Jul-08	Athletics	Govender	Ray		2.5	64	3		
25	23-Jul-08	Tennis	Green	Jasmin		2	87			
26	24-Jul-08	Swimming	Bantjies	Jonathan		4	75			
27	25-Jul-08	Hockey	Smith	Tamsin		2.5	58			
28	26-Jul-08	Road Running	Ngubane	Joshia		5	65	5		
29	27-Jul-08	Soccer	Hadebe	Luke		9	68	2		
30	30-Jul-08	Athletics	Govender	Ray		2	72			
31	30-Jul-08	Tennis	Green	Jasmin		5	69			
32	31-Jul-08	Swimming	Bantjies	Jonathan		2	84			
33										

VRAE 4.1 tot 4.9 het op die *Payments*-werkblad betrekking.

- 4.1 Gebruik 'n FUNKSIE om vandag se datum by sel A2 in te voeg. (1)
- 4.2 Formateer alle datums na dd-mmm-jj, byvoorbeeld 12-Apr-08. (1)
- 4.3 Voeg 'n bykomende kolom tussen kolomme H en I in. Maak die opskrif van hierdie nuwe kolom *Saturday rate*. (2)
- 4.4 Die Saterdagtarief is 30% meer as die uurlikse tarief. Voeg 'n geskikte formule in om die Saterdagtarief te bereken en kopieer hierdie formule na die relevante selle toe. (3)

- 4.5 Voeg 'n sirkelgrafiek by die *Graph*-werkblad in en vergelyk die getal afrigters vir *padlope* ('road running') met dié vir *swem* ('swimming'). Die skywe van die sirkelgrafiek moet as persentasies benoem word. Jou sirkelgrafiek moet lyk soos die een hieronder getoon.



- 4.6 Formateer al die monetêre (geld-) waardes wat in die sigblad *South African Currency* verskyn tot TWEE desimale plekke. (2)
- 4.7 Bereken die gemiddelde uurlikse tarief van AL die afrigters. Plaas hierdie formule in sel G35. (2)
- 4.8 Voeg 'n formule in sel J6 in om die woord 'Below' te vertoon as 'n afrigter se uurlikse tarief minder as die gemiddelde van alle afrigters is. Indien hoër as die gemiddelde, moet die woord 'Above' vertoon word. Kopieer hierdie formule vir ALLE afrigters. (4)
- 4.9 Gebruik die fasiliteite wat deur jou sigbladprogram voorsien word sodat die selle vir die *weeklikse ure* van daardie afrigters wat 4 of meer uur afgerig het, outomaties teen 'n rooi agtergrond verskyn. (2)

VRAE 4.10 tot 4.12 het op die *Allowances*-werkblad betrekking.

- 4.10 Afrigters ontvang die volgende uniforme toelae ooreenkomstig die sport wat hulle afrig:

Atletiek	20
Swem	50
Tennis	70
Stap	12

Hierdie tabel kan in die *Allowances*-werkblad in die bestek H19:I22 gevind word.

- Gebruik hierdie inligting om 'n opsoekformule te skep om die data vir kolom J te voltooi. (4)

4.11 Die tesourier wil weet wat die totale getal uur is wat AL die tennisafrigters afgerig het. Voeg 'n formule in sel B40 op die *Payments*-werkblad in wat hierdie inligting sal verskaf. (4)

4.12 Voeg 'n formule by sel K6 van die *Allowances*-werkblad in wat die volgende sal vertoon:

- 'Valid ID' indien Jonathan Bantjies se identiteitsnommer 13 karakters lank is.
- 'Too short' indien die identiteitsnommer minder as 13 karakters het
- 'Too long' indien die identiteitsnommer meer as 13 karakters het

Kopieer hierdie formule vir al die ander afrigters. (5)

Onthou om jou lêer te stoor. [38]

VRAAG 5

Maak die databasis genaamd *q5members.mdb* oop.

5.1 5.1.1 Skep 'n databasistabel *MemberRec* met die volgende velde:

Veldnaam	Datatype	Lengte/Formaat
Lidnommer	Nommer ('Number')	Heelgetal ('Integer')
Naam	Teks ('Text')	30
Foosie Verskuldig	Geldeenheid ('Currency')	Rxxxx.xx
Ledegeld Betaal	Ja/Nee ('Yes/No')	Ja/Nee

(5)

5.1.2 Stel die *Lidnommer*-veld as die primêre sleutelveld.

(1)

5.1.3 Stel 'n verstekwaarde van 1200 vir die *Foosie Verskuldig*-veld.

(2)

5.1.4 Stoor die tabel as *MemberRec*.

(1)

5.2 Skep 'n eenvoudige vorm genaamd *MemberForm* deur AL die velde in die *MemberCopy*-tabel in databasis *q5members.mdb* op die disket te gebruik.

(2)

5.3 Die sekretaresse het die lededata op 'n sigblad ingetik. Jy het nou hierdie data in databasisformaat nodig. Voer data uit die sigbladlêer *q5records.xls* in na die tabel *MemberCopy*.

(4)

Maak die databasistoepassing toe.

[15]

VRAAG 6

Die voorsitter het besluit dat die klub 'n databasis van alle aktiwiteite wat aangebied word en alle afrigters wat met daardie aktiwiteite gemoeid is, benodig. Maak die databasis genaamd *q6activities.mdb* en dan die tabel *Coaches* oop.

Die velde in hierdie tabel is soos volg:

VELD	VERDUIDELIKING
Werknemernommer	Die afrigter se werknemernommer (Primêre sleutel)
Aktiwiteit	Die naam van die aktiwiteit
Naam	Die afrigter se naam
Kontaknommer	Die afrigter se kontaknommer
Geslag	V = Vroulik en M = Manlik
Dag/Dae	Die dag/dae waarop afrigting plaasvind
Tydsduur	Die lengte van die afrigting in uur
Tarief gevra	Tarief per uur deur die afrigter gevra
Koers	U (Uurliks) of D (Daagliks)

Die volgende vrae verwys na die bostaande tabel.

6.1 Ian Richmond het geëmigreer. Skrap hierdie rekord. (1)

6.2 Voeg 'n geldigheidstoets by die *Koers*-veld.

- Die tarief moet slegs U of D wees.
- 'n Teksboodskap 'Slegs U vir Uurliks of D vir Daagliks' moet vertoon word indien 'n ongeldige karakter ingesleutel word. (4)

6.3 Skep 'n navraag soos volg:

- Vertoon ALLE manlike afrigters wie se tarief gevra minder as R100 is.
- Vertoon slegs die *Naam* en die *Tarief gevra*.
- Sorteër die lys alfabeties.
- Stoor hierdie navraag as *CoachQuery*. (5)

- 6.4 Skep 'n navraag genaamd *CostQuery* wat die volgende toon:
- Die name van almal wat swem of tennis afrig en wat 'n uurlikse tarief vra.
 - Voeg 'n veld genaamd *Cost* in wat die koste van 'n afrigtingsessie vir hierdie afrigters bereken. (6)
- 6.5 Skep 'n verslag genaamd *ReportRates* volgens die kriteria wat hieronder gegee word.
- 6.5.1 Die verslag moet die *Naam, Kontaknommer, Tarief gevra* en *Koers* (in hierdie volgorde) vertoon. (2)
- 6.5.2 Sorteër die rekords in dalende naamvolgorde. (1)
- 6.5.3 Verander die verslagboskrif na *Coaches' Rates*. (1)
- 6.5.4 Berekening:
- Gebruik 'n funksie onderaan die verslag om die gemiddelde tariewe gevra, te bepaal.
 - Vertoon die gemiddelde as 'n geldeenheid sonder desimale plekke.
 - Voorsien 'n geskikte byskrif vir die gemiddelde. (5)
- 6.5.5 Verander die onderskrif om jou naam te vertoon in plaas van die datum/tyd wat by verstek links in die onderskrif verskyn. (2)
- Onthou om die verslag as *ReportRates* te stoor. Maak die databasistoepassing toe. [27]

VRAAG 7

- 7.1 Die klub sal die gasheer vir die All Africa-klubkampioenskapswedstryd later in die jaar wees. Die voorsitter het jou gevra om te help met die ontwerp van 'n brosjure oor die klub.

Maak die lêer *q7booklet.doc* oop.

- 7.1.1 Gebruik die opsies vir die hersien/naspeur/aanteken ('review/track/record') van veranderinge om enige wysigings wat op die dokument aangebring is, te toon en om slegs die wysigings wat op bladsy 1 van hierdie dokument aangebring is, te aanvaar. Skakel nou hierdie opsie af. (3)
- 7.1.2 Voeg 'n kolombreuk ('column break') in net voor die sin wat begin met 'The All Stars Sports Centre is also home to a ...' in die linkerkantse kolom op bladsy 1. (1)
- 7.1.3 Voeg 'n bladsybreuk net voor 'About All Stars' op bladsy 1 in. (1)
- 7.1.4 Gebruik die funksie van jou woordverwerker om 'n inhoudopgawe ('table of contents') aan die begin van die dokument in te voeg om AL die volgende opskrifte en die bladsynommers, regs gejusteer ('right justified'), te toon:

ABOUT ALL STARS	2	
BOXING ACADEMY	2	
GYMNASTICS.....	3	
HOCKEY	3	
ALL STARS SOCCER	5	
KNOCKOUT FOOTBALL TOURNAMENT	5	
TOP 100 ATHLETICS COMPETITION	6	
RUGBY.....	10	
SUPER FIFTEENS TOURNAMENT	10	(3)

- 7.1.5 Gebruik die toepaslike funksie om AL die kere wat die hele woord 'sports' voorkom, in rooi uit te lig ('highlight'). (3)
- 7.1.6 Die bladsy wat met die opskrif 'Final Athletics Meeting' begin, moet in landskap-oriëntasie ('landscape') verskyn en die res van die dokument moet in portret-oriëntasie ('portrait') bly. Stoor die lêer en maak dit toe. (2)

7.2 Die fietsryklub is gevra om 'n 1 bladsy-nuusberig, insluitende 'n prentjie vir die nuusbriëf, voor te berei. Die sekretaris druk die berig uit, maar stoor nie die laaste weergawe van die lêer nie en nou moet dit vinnig herformateer word!

Maak die lêer *q7cycleRep.doc* oop.

Herformateer die lêer om te pas by die voorkoms van die een wat hieronder getoon word. Die prentjie van die fietsryer is as *Cyclist.jpg* gestoor. Die data wat benodig word om die tabel met die top tien plekke op die ranglys saam te stel, kan in die *q7finishers.mdb*-databasis gekry word. Die puntestelsel wat gebruik word om die fietsryers se plekke op die ranglys te bepaal, is soos volg:

- 10 punte word toegeken vir elke eerste plek behaal
- 5 punte word toegeken vir elke tweede plek behaal
- 1 punt word toegeken vir elke derde plek behaal

Die fietsryer met die meeste punte wat op hierdie grondslag bereken is, is eerste op die ranglys, ensovoorts.

Verwys na die **BYLAE** vir 'n volgrootte weergawe van die dokument.

All Stars Cycling News

Van Stamens Mountain Bike Race
All Stars' Aruba Raleigh put in a gutsy and heroic performance to win the prestigious Cool Power Mountain Bike Race held at Van Stamens over the weekend. He was defending his 2007 title and rode impressively to win the coveted jersey for another year. Jim Furans set the early pace on a challenging course which wound its way through scenic fruit plantations and indigenous forests.



Aruba Raleigh

Ian Fleming of Bond Biking proved to be Aruba's main challenger as he set a blistering pace on the 5 km ascent at the 42 km mark. Aruba put in a fierce attack that saw him overtake Bond and secure the title in a fast time of 3 hours 16 minutes. In the Women's race our very own Alita Clipper put in a late surge to claim a credible sixth place. Special credit must also go to young Yolanda Hutchinson who finished tenth overall on her marathon debut, especially after recovering from a fracturing her left elbow in early last month.

Formerly known as the Hudda Downhill Race

Mollifies excels in Tour de Capo
All Stars' ace rider Jormie Mollifies showed his great form by winning the third stage of the Tour de Capo and regaining the yellow jersey. Jormie, renowned as a King of the Mountains showed his strength by pulling away on the climb up Heatbreak Peak.

Jonathan Swift of Gulliver's Cycle Pro team was placed second, some five minutes behind Jormie. The next stage is another gruelling race and stretches over 192 km from Conning to the Velhum dam. All we can say is 'Go Jormie go!'

This week's cycling tip

Avoid riding head-on into the sun particularly during early-morning and late-afternoon rides and steer clear of roads that point you directly into the sun.

Vets Excel at Provincial Championships
Three of our vets, Ivan Holman, Jeannette Koenig and Lestando Sabuki, excelled by being placed fourth, eight and tenth in the Provincial Championships held at Girasol last month.

Jeremy Emery from the Armstrong Racing Club showed his class and went on to take line honours. Meanwhile our own Ivan, helped by team-mates Lestando Sabuki and

Boris Meeker had put in a big effort to close in on the leading bunch and did brilliantly in a sprint for the line to secure a well-deserved fourth place.

Latest club rankings

Top 10 Rankings as at 12 August		
Position	Surname	Name
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		
9.		
10.		

In the week continued from last date cycling and Sylvia Harames from the date cycling and emerged victor, securing a hat trick of titles.

A huge vote of thanks goes to all our volunteers who served as marshals. The next track league event to take place is at the Westbourne Oval on Friday October 10 at 19H00.

Jane Ulrich

Die data wat benodig word om hierdie tabel te voltooi, kan uit die *Places*-tabel in die *q7finishers.mdb*-databasis gehaal word.

(24)

Onthou om die lêer te stoor.

[37]

TOTAAL: 200


NSS

BYLAE

All Stars Cycling News

Van Stamens Mountain Bike Race

All Stars' Aruba Raleigh put in a gutsy and heroic performance to win the prestigious Cool Power Mountain Bike Race¹ held at Van Stamens over the weekend. He was defending his 2007 title and rode impressively to win the coveted jersey for another year. Jim Furans set the early pace on a challenging course which wound its way through scenic fruit plantations and indigenous forests.



Aruba Raleigh


Ian Fleming of Bond Biking proved to be Aruba's main challenger as he set a blistering pace on the 5 km ascent at the 42 km mark. Aruba put in a fierce attack that saw him overtake Bond and secure the title in a fast time of 3 hours 16 minutes. In the Women's race our very own Alita Clipper put in a late surge to claim a credible sixth place. Special credit must also go to young Yolanda Hutchinson who finished tenth overall on her marathon debut, especially after recovering from fracturing her left elbow in early last month.

¹ Formerly known as the Indaba Downhill Race

Mollifies excels in Tour de Capo

All Stars' ace rider Jonnie Mollifies showed his great form by winning the third stage of the Tour de Capo and regaining the yellow jersey. Jonnie, renowned as King of the Mountains, showed his strength by pulling away on the climb up Heartbreak Peak.

Jonathan Swift of Gulliver's Cycle Pro team was placed second, some five minutes behind Jonnie. The next stage is another gruelling race and stretches over 192 km from Conning to the Vellum Dam. All we can say is 'Go Jonnie go!'

 This week's cycling tip

Avoid riding head-on into the sun particularly during early-morning and late-afternoon rides and steer clear of roads that point you directly into the sun.

Vets Excel at Provincial Championships

Three of our vets, Ivan Holman, Jeannette Koenig and Lentando Saluki, excelled by being placed fourth, eighth and tenth in the Provincial Championships held at Girasol last month.

Jeremy Emery from the Armstrong Racing Club showed his class and went on to take line honours. Meanwhile our own Ivan, helped by team-mates Lentando Saluki and Boris Meeker

had put in a big effort to close in on the leading bunch and did brilliantly in a sprint for the line to secure a well-deserved fourth place.

Latest club rankings

Top 10 Rankings as at 12 August			
Position	Surname	Name	Points

In the women's race Jeannette Koenig continued her good form from the Argus. Sylvia Harames from Lonsdale cycling club emerged victor, securing a hat trick of titles.

A huge vote of thanks goes to all our volunteers who served as marshals. The next track league event to take place is at the Westbourne Oval on Friday October 10 at 19h00.

Jane Ulrich